**Skriflesing Lukas 5 vers 16, 6 vers 12, Markus 1 vers 35 en Jakobus 5 vers 16b tot 18**
**Tema Bid gedurig**

Die Here bevestig opnuut in die afgelope tyd in geen onduidelike taal aan ons as sy kinders hoe belangrik gebed is nie. Die reuse "It's Time"-byeenkoms was 'n gebedsbyeenkoms. By die Mighty Men-byeenkoms het gebed soos 'n goue draad regdeur die boodskappe van die naweek geloop. Hierdie kwartaal gaan ons as gemeente fokus op gebed en spesifiek op die "Ons Vader"-gebed.

**1. Ons leer by Jesus self oor die belangrikheid van gebed.**
Jesus was die Seun van God. As daar iemand was wat waarskynlik nie nodig gehad het om te bid nie, dan was dit Hy. Hy het net drie jaar gehad om die Goeie Nuus van Sy verlossing in die wêreld te verkondig. Sy dagboek was oorvol. As daar iemand was wat die verskoning gehad het dat Hy nie tyd gehad het om te bid nie, dan was dit Jesus. En tog leer ons Hom ken as 'n man van gebed.

In Lukas 15 genees Hy 'n melaatse man. Groot menigtes het om Hom saamgedrom om na Hom te luister en van hulle siektes genees te word. En dan lees ons in Lukas 5 vers 16: "Maar Hy het Hom altyd weer in eensame plekke afgesonder om daar te bid."
In Lukas 6 vers 12 lees ons wat Jesus doen voordat Hy sy dissipels kies: "In daardie tyd het Jesus uitgegaan na die berg toe om te bid en die hele nag deurgebring in gebed tot God."
In Markus 1 is Jesus by Simon en Andreas in hulle huis. Hy genees Simon se skoonma. Mense hoor van die genesing en toe dit aand word, het mense al die siekes en dié wat in die mag van bose geeste was na Hom toe gebring. Die hele dorp het by die deur van die huis saamgedrom. Hy het siekes gesond gemaak en bose geeste uitgedryf. Jesus was waarskynlik tot baie laat in die aand hiermee besig. En wat doen Jesus die volgende oggend? Ons lees in Markus 1 vers 35: "Die môre vroeg, toe dit nog nag was, het Hy opgestaan en buitentoe gegaan na 'n eensame plek en daar gebid."

In sy grootste nood bid Hy. In doodsangs in Getsemané bid Hy drie maal. Ook aan die kruis bid Hy. Vier van sy sewe kruiswoorde is gebede. Ons lees hierdie kruiswoorde in die volgende verse:
Lukas 23 vers 34: "Vader, vergeef hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie!"
Matteus 27 vers 46: "My, God, My God, waarom het U my verlaat?"
Johannes 19 vers 30: "Dit is volbring!"
En dan klink sy laaste gebed aan die kruis uit gebarste lippe en 'n sterwende mond in Lukas 23 vers 46: "Vader in U hande gee ek my gees oor"

En dit is nie net by Jesus wat ons die belangrikheid van gebed leer nie. Baie gelowiges in die Bybel het biddend geleef. Daniel is 'n goeie voorbeeld. Ons lees in Daniël 6 hoe sy vyande iets teen hom probeer kry sodat koning Darius hom nie as tweede in bevel van die koninkryk aanstel nie. "Die ministers en die goewerneurs-generaal het toe iets teen Daniël probeer kry oor die manier waarop hy die administrasie behartig het, maar hulle kon nie. Hulle kon ook geen onreëlmatigheid vind nie, want Daniël was betroubaar en was aan geen nalatigheid of onreëlmatigheid skuldig nie. Hulle sê toe vir mekaar: "Ons sal niks teen hierdie Daniël kry nie, behalwe as ons iets kan kry in verband met sy godsdiens." (Daniël 6 vers 5 - 6)

Hulle gaan na koning Darius en versoek hom om 'n dekreet uit te vaardig dat almal wat in die volgende maand iemand anders as koning Darius aanbid, in die leeukuil gegooi sal word. Daniël reageer op hierdie dekreet deur "soos sy gewoonte altyd was, voort te gaan om drie maal per dag voor sy God te kniel en Hom te prys, te aanbid en te dank." Sy vyande gaan verkla hom by Darius. Darius besef dat hy met 'n slap riem gevang is, maar kan niks doen om sy eie wet te ontkom nie. Daniël word in die leeukuil gegooi waar God die bekke van die leeus toebind.

Daardie nag lê Darius en rondrol oor dit wat hy Daniël aangedoen het. Juis hier sien ons die verskil tussen 'n gelowige en ongelowige se hanteer van 'n krisis. Daniël het gebid. Darius het 'n slaaplose nag gehad. En God red vir Daniël wat biddend en gehoorsaam in geloofsafhanklikheid van Hom leef.

**2. By Daniël leer ons van die krag van gebed. Ook by Elia leer ons dat die gebed van 'n gelowige 'n kragtige uitwerking het.**

Agab was koning in die tyd van Elia. Hy het, saam met die volk, in sonde verval en het met Isebel, wat Baäl as god aanbid het, getrou. Ons lees van hom in 1 Konings 16 vers 33: "Agab het ook 'n gewyde paal opgerig en hy het meer gedoen om die Here die God van Israel uit te tart as

al die konings van Israel voor hom."

Elia het gebid dat die Here droogte sal stuur om hierdie koning en die volk te straf. Daarna het hy weer gebid en die Here het reën gestuur. Ons lees in Jakobus 5 vers 16b-18: "Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking. Elia was 'n mens net soos ons. Hy het ernstig gebid dat dit nie moet reën nie, en in die land het dit drie jaar en ses maande lank nie gereën nie. Toe het hy weer gebid, en die hemel het reën gegee en die aarde het sy oes gelewer."

In 1 Konings 18 staan Elia op die berg Karmel in die krag van die Here man alleen teen Koning Isebel, die 450 profete van Baal en die 400 van Asjera. Al hierdie afgodsaanbidders kry nie enige aksie uit hul god nie. Na Elia se gebed openbaar God Hom in sy wonderlike almag. Daar kom vuur van die Here af en verteer alles. Daarna het Elia gebid en die lug het donker geword van onweerswolke en groot reën het uitgesak.

Hans von Steden het van gebed die volgende waarheid gesê: "As ons werk, is dit net mensewerk, maar as ons bid, werk God, en as God werk, wie kan dit keer?"
Gebed staan sentraal in ons aanbidding en dien van die Here.

**3. God roep ons ook in sy Woord op tot gebed.**
In 1 Tessalonissense 5 vers 17 word ons opgeroep om gedurig te bid.
In Efesiërs 6 lees ons van die wapenrusting van kinders van God in ons stryd teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld en teen elke bose gees in die lug. God se wapenrusting vir ons is die waarheid as gordel, vryspraak as borsharnas, verkondiging van die evangelie as skoene, geloof as skild, verlossing as helm en die Woord as swaard van die Gees. En dan staan daar in Efesiërs 6 vers18 hoe ons elke dag hierdie geestelike stryd moet stry: "Doen dit alles biddend en smeek God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig vir al die gelowiges."

**Afsluiting**
In Jesaja 30 vers 15 lees ons: **"**So het die Here my God, die Heilige van Israel, gesê: As julle julle bekeer en tot rus kom, sal julle gered word. Julle krag lê in stil wees en vertroue hê."
In die voetspore van Jesus Christus en in gehoorsaamheid aan God kom ons gaan leef en stry biddend.
Ons krag lê in stil wees en vertroue hê.
**Amen**

## Voorstel vir skakel in kuberkamma

**Preke**
Gebed staan sentraal in ons aanbidding en dien van die Here. "As ons werk, is dit net mensewerk, maar as ons bid, werk God, en as God werk, wie kan dit keer?" (Hans von Steden).
***Bid gedurig***